*Donderdag* 22 Januarie

Skrifgedeelte: Deuteronomium 13:12-18

Fokusgedeelte: Deuteronomium 13:16-17

Van TEL tot KRUIS: Die Weg na Barmhartigheid

Die Israeliese stad Tel Aviv se volle naam is Tel Aviv-Jaffa. Dit verwys na die "puinhoop" (Hebreeus *TEL*) in Joppe. Ons het wel nie Bybelse getuienis dat Tel-Jaffa sy oorsprong het in die uitgiet van die heilige toorn van God oor die eerste gebod-sonde, soos beskryf in *Deuteronomium 13:16-17* nie, maar die feit bly staan dat God met die banvloek die *TEL* 'n voorstelling maak van die erns van sy toorn oor die mens wat "in die minste teen sy wil handel" (HK Sondag 34).

Deuteronomium 13:17 vestig ons aandag nie net op die toorn van God nie, maar ook op sy barmhartigheid. "Barmhartigheid" is die vertaling van die Hebreeuse woord *racham*. *Rechem* beteken "baarmoeder". *Racham* druk innige, ontfermende liefde uit – soos 'n moeder wat haar kind koester en vertroetel.

Hoe kan die barmhartigheid en die toorn van God gelyktydig gehandhaaf word. Is dit dat God die sonde "oorsien"? Boom-eters, Adam en Eva, sterf tog nie dadelik nie. So ook Drankdronk-Noag, Dwaaloog-Dawid, Kompromis-Salomo, die Ballingskap-volk? Kanselleer God se barmhartigheid nie sy toorn oor die sonde uit nie (so vra HK Sondag 4)? Nee. God moet vir seker sy toorn êrens "ophoop" sodat Hy vir sy volk die bron van sy barmhartigheid kan ontsluit.

Is daar dan êrens 'n TEL, 'n puinhoop, 'n voorstelling dat God se toorn volledig uitgegiet is sodat ons ontvangers van sy barmhartigheid kan wees? Paulus los die raaisel op in Romeine 3:24-26: "... Christus Jesus ... Hom het God voorgestel in sy bloed ..." Dít is waar GOD met sy toorn heen is sodat ons sy barmhartigheid kan geniet en Hy ons kan troetel en koester met sy liefde en bystand in al ons nood.

Sal ons nou ons hand uitsteek na die "bangoed" wat oorsaak was vir dié TEL ... die KRUIS? Alleen maar as jy reken jy kan regkom sonder sy barmhartigheid!

*Sing: Psalm 51-1:1, 6*

*Ds. SJMS (Faan) Smit (Magalakwing/Dendron)*